SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## NOVEMBER 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INLIGTING VIR NASIENERS**

| ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV | | AFKORTING |
|---|---|---|
| Onderwerp 1 | Toerismesektore | TS |
| Onderwerp 2 | Kaartwerk en toerbeplanning | KTB |
| Onderwerp 3 | Toerisme besienswaardighede | TB |
| Onderwerp 4 | Volhoubare en verantwoordelike toerisme | VVT |
| Onderwerp 5 | Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme | PSI |
| Onderwerp 6 | Kultuur- en erfenistoerisme | KE |
| Onderwerp 7 | Buitelandse valutaverhandeling | BVV |
| Onderwerp 8 | Kommunikasie en kliëntediens | KK |
| Onderwerp 9 | Bemarking | B |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | C✓/ Roeteplan | KTB | |
| 1.1.2 | A✓/ Persoonlik | KTB | |
| 1.1.3 | B✓/ seker maak dat bagasie veilig gesluit is. | KTB | |
| 1.1.4 | D✓/ Gebruik 'n sonbeskermingsmiddel wat 'n hoë sonbeskermsfaktor bevat. | KTB | |
| 1.1.5 | A✓/ Geldige Suid-Afrikaanse bestuurslisensie | KTB | |
| 1.1.6 | D✓/ Duitsland | TB | |
| 1.1.7 | A✓/ het godsdienstige belang. | TB | |
| 1.1.8 | D✓/ Wieg van die Mensdom. | KE | |
| 1.1.9 | B✓/ Geologiese bewyse van 'n meteoriet-impakstruktuur | KE | |
| 1.1.10 | B✓/ verhoging in toeristevolumes | B | |
| 1.1.11 | D ✓ / Positiewe interaksie met kliënte | TS | |
| 1.1.12 | A ✓ / Hulle sal byvoordele soos afslag op reise geniet. | TS | |
| 1.1.13 | C✓ / sosiale media | TS | |
| 1.1.14 | D✓ / Gedragskode | TS | |
| 1.1.15 | D✓ / Ontwerp van verpakking | TS | |
| 1.1.16 | C✓/ protesaksie | PSI | |
| 1.1.17 | B✓/ Sokkerstadions was leeg. | PSI | |
| 1.1.18 | A✓/ Die WEF is deur middel van 'n virtuele platform gehou. | PSI | |
| 1.1.19 | D✓/ deur Suid-Afrika se grensposte | PSI | |
| 1.1.20 | D✓/ Hou van ('Like') 'n Facebook-plasing op 'n besigheid se webblad | KK | |
| | | (20 x 1) | (20) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | transitovisum ✓ | KTB | |
| | 1.2.2 | gesondheidsertifikaat ✓ | KTB | |
| | 1.2.3 | paspoort✓ | KTB | |
| | 1.2.4 | Covid-19-toets✓ | KTB | |
| | 1.2.5 | Schengen-visum✓ | KTB | (5) |
| | | | | |
| 1.3 | 1.3.1 | omgewings- ✓ | VVT | |
| | 1.3.2 | KMB ✓ | VVT | |
| | 1.3.3 | FTT ✓ | VVT | |
| | 1.3.4 | Omgewings- ✓ | VVT | |
| | 1.3.5 | ekonomiese groei ✓ | VVT | (5) |
| | | | | |
| 1.4 | 1.4.1 | C✓ / vergoeding | TS | |
| | 1.4.2 | G ✓ / uniformtoelae | TS | |
| | 1.4.3 | E✓ / diensbeëindiging | TS | |
| | 1.4.4 | A✓ / werksure | TS | |
| | 1.4.5 | B✓ / kernpligte | TS | (5) |

1.5

| | | | |
|---|---|---|---|
| STAP 1 | Doen navorsing oor die lande wat besoek gaan word. ✓ | KTB | |
| STAP 2 | Besluit op die reistydperk ✓ | KTB | |
| STAP 3 | Koop 'n vlugkaartjie / Bespreek akkommodasie ✓ | KTB | |
| STAP 4 | Doen aansoek vir 'n visum ✓ | KTB | |
| STAP 5 | Koop buitelandse valuta ✓ | KTB | (5) |

**Let Wel:** STAP 1 en STAP 2 kan omgeruil word.

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die WGO werk om die verspreiding van die virus te beperk. ✓✓ **KTB** (2)
- Hulle gee raad aan mense om maatreëls in plek te hê om hulself teen die virus te beskerm.
- Verwys mense na die organisasie se webtuiste en sosiale media platforms vir bykomende inligting oor die virus.

2.1.2 Google✓✓ **KTB**
Facebook✓✓ (4)
- Twitter
- Instagram

**Let Wel:** TikTok word nie aanvaar nie

2.1.3 TikTok het 'n groot, groeiende gehoor en is 'n gewilde toep wat deur baie gebruik word. ✓✓ **KTB**
Die gehoor is meestal Generasie Z en hulle kan ambassadeurs wees om sterker aksie deur die jeug teen die virus aan te moedig. ✓✓ (4)
- Die aantal gebruikers styg wêreldwyd en daarom kan inligting oor die virus groter gehore vinniger bereik.
- Die video's is kort en maklik om te volg, sonder 'n oormaat inligting, wat dit makliker maak om 'n boodskap by die regte gehoor te kry.

2.2 2.2.1 B✓ C✓ D✓ F✓ **KTB** (4)
- E
- Parfuum / eau de toilette
- Sigarette
- Wyn / sterk drank
- Tabak
- Goue armbande ter waarde van R5 000

**Let Wel:** Aanvaar enige volgorde

2.2.2 B - nie meer as 50 ml parfuum nie✓✓ **KTB**
- nie meer as 250 ml eau de toilette nie. (4)

C - nie meer as 200 sigarette nie✓✓
- D - nie meer as 2 liter wyn per persoon nie
- nie meer as 1 liter sterk drank nie
- F - nie meer as 250 g pyptabak per persoon nie
- E- nuwe en gebruikte goedere tot die waarde van R5 000 (die goue armbande mag aan hierdie regulasie onderhewig wees)

2.2.3 Groen kanaal✓✓ **KTB** (2)

2.2.4 (a) Verwys na goedere wat reisigers, volgens wet, nie toelaat om in 'n land in te bring nie. ✓✓ KTB (2)

- Dit is onwettige goedere wat nie in 'n land ingebring mag word nie.

**Let Wel:** Moenie voorbeelde aanvaar nie

(b) A✓✓ KTB (2)

- dinamiet / plofstof

2.3

| 2.3.1 | Suid-Afrika +2 | Singapoer +8 |
|---|---|---|
| | Tydsverskil<br><br>Tyd in Singapoer | = 6 ure ✓<br>10:00 (+✓) 6 ure<br>= 16:00✓ |
| | **OF**<br><br>16:00✓✓✓ | |

KTB (3)

| 2.3.2 | Aankomstyd in Singapoer<br><br>Oorstaantyd<br>Vertrektyd | 16:00 (+✓) 10 ure vliegtyd<br>= 02:00 ✓<br>02:00 (+✓) 4 ure<br>= 06:00✓ |
|---|---|---|
| | **OF**<br><br>06:00✓✓✓✓ | |

KTB (4)

| 2.3.3 | Singapoer +8 | Melbourne +10 |
|---|---|---|
| | Tydsverskil<br><br>Tyd in Melbourne<br><br>Vliegtyd<br>Aankomstyd | = 2 ure ✓<br>06:00 (+✓) 2 ure<br>= 08:00✓<br><br>08:00 (+✓) 7 ure<br>= 15:00 ✓ |
| | **OF**<br><br>15:00 ✓✓✓✓✓ | |

KTB (5)

2.4 2.4.1 Vlugvoosheid✓✓ KTB (2)

2.4.2 Kry genoeg slaap en rus ✓✓ KTB (2)

- Verander die tyd na die plaaslike tyd.
- Neem genoeg vog in.
- Vermy drankies wat kaffeïen of alkohol bevat.
- Doen oefeninge op die vliegtuig.
- Dra lospassende klere om genoegsame bloedsirkulasie te bevorder.
- Eet ligte etes.
- Neem medikasie om vlugvoosheid te verlig.

**[40]**

## VRAAG 3

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | ZAR 20 000 ÷✓16,87✓ | = USD 1185, 54✓ | BVV | (3) |
| | | **OF** | | | |
| | | USD 1185, 54✓✓✓ | | | |
| | | | | | |
| | 3.1.2 | USD 303,50 –✓ USD100✓ | = ZAR 203,50 | BVV | |
| | | USD 203,50 x✓15,97✓ | = ZAR 3249,90✓ | | (5) |
| | | **OF** | | | |
| | | ZAR 3249,90✓✓✓✓✓ | | | |

3.2 Werkloosheid wat tot meer armoede lei. ✓✓ BVV (2)

- As gevolg van minder vervaardiging van goedere en dienste, sal werkloosheid styg, wat werksverliese tot gevolg het.
- Werknemers mag afgedank word of sal laer lone moet aanvaar, wat beteken daar is minder geld beskikbaar vir basiese behoefte of werksverliese.
- Beleggers sal waarskynlik minder in 'n ekonomie belê wat nie groei nie.
- Mense sal minder geld / besteebare inkomste hê om te spandeer.
- Die land kan in 'n resessie verval met verlaagde rentekoerse en hoër inflasie wat lei tot verbruikers wat geld leen en meer skuld maak.
- Omkeer van die vermenigvuldigereffek.
- Prysverhoging vir goedere en dienste.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 (a) A – Niagara-waterval ✓ **TB**
B – Venesië ✓
C – Sydney Operahuis ✓ (3)

(b) A - Noord-Amerika ✓ **TB**
B - Europa ✓
C - Australië ✓ / Australasië (3)

4.1.2 Plaaslike toeriste ✓✓ **TB** (2)
- Kanadese

4.1.3 Ikoon **B** het besoekersgetalle vir 'n hele stad (Venesië) en die besoekersgetalle vir ikoon **C** is vir een attraksie/ikoon in die stad (Sydney). ✓✓ **TB** (2)
- Sydney is ‘n langafstand-bestemming
- Venesië is naby aan die lande in Europa.
- Venesië is 'n antieke stad van historiese belang.
- Daar is unieke attraksies in die stad wat op water gebou is.
- Minder mense al 'n hawe besoek (Sydney) as toeriste wat tussen baie attraksies in 'n stad rondreis (Venesië).
- Venesië word as 'n romantiese stad beskou en mag dalk meer paartjies hê wat daarheen gaan, as Sydney.

4.2 4.2.1 (a) Egipte ✓ **TB** (1)

(b) Afrika ✓ **TB** (1)

4.2.2 Die piramides was as graftombes vir die Farao’s gebou (Egiptiese konings) ✓✓ **TB** (2)
- Die gebalmde mummies van die koninklikes en edel families van Egipte is daar begrawe.

4.2.3 leeu ✓✓ **TB** (2)

4.2.4 (a) Voertuie wat dalk die terrein kan beskadig, word by die besoekersentrum gelos. ✓✓ **TB**
Tradisionele kameel-en perderitte het 'n lae impak op die omgewing en word slegs in seker areas toegelaat. ✓✓
- Elektriese motors verminder besoedeling wat deur petrol of dieselenjins veroorsaak word. (4)
- Stalletjies sal slegs in aangewese areas toegeken word.

**Let Wel:** Aanvaar voorbeelde van volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne.

(b) Werkers en straatverkopers wat besighede bedryf, sal opgelei word om kwaliteit produkte en uitstekende dienslewering te verskaf. ✓✓ **TB**
Planne is in plek om te verseker dat kwaliteit produkte en dienste verskaf word. ✓✓ (4)

- Kompeterende pryse vir plaaslike straatverkopers.
- Personeel hanteer besoekers sonder om aan hulle aanstoot te gee.
- Baie kaartjievensters versnel kaartjieverkope wat vir 'n verskeidenheid van toeriste gereserveer is.
- 18 geskenkwinkels verminder samedromming van groot skares.

**Let Wel:** Aanvaar voorbeelde van bekwame en etiese gedrag.

4.2.5 (a) Daar is 'n nuwe internasionale lughawe vir internasionale toeriste en die infrastruktuur van die pad is verbeter vir plaaslike besoekers. ✓✓ **TB** (2)

- Daar is kaartjievensters vir Egiptiese burgers (plaaslik) en uitlanders (internasionale) wat die terrein besoek.

(b) Kunshandwerkers en handelaars van die plaaslike gemeenskap het stalletjies op die terrein. ✓✓ **TB** (2)

- Perd en kameel-eienaars word toegelaat om hulle buitengewone vorms van vervoer by die Groot Piramides te bedryf.
- Inwoners van die plaaslike gemeenskap is fotograwe wat foto's neem en verskaf en sodoende geld verdien.
- Plaaslike bestuurders word in diens geneem om die elektriese voertuie te bestuur.
- Kundige plaaslike inwoners werk in die besoeker- en inligtingsentrums.
- Geleenthede vir entrepreneurskap in die geskenk-winkels vir plaaslike aandenkings.
- Die plaaslike gemeenskapslede sal opleiding (vaardigheidsontwikkeling) ontvang.
- Verbetering van plaaslike infrastruktuur in die omgewing van die Groot Piramides.

**[28]**

## VRAAG 5

5.1 KwaZulu-Natal ✓ **KE** (1)
- KZN

5.2 natuurlike ✓ **KE** (1)

5.3 5.3.1 UNESCO ✓✓ **KE** (2)
- Verenigde Nasies Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie

5.3.2 Die status van iSimangaliso Vleilandpark as 'n Wêrelderfenis-terrein kan in die gedrang kom. ✓✓ **KE** (2)
- Dis was as 'n natuurlike terrein verklaar, en menslike inmenging (bv. die gebruik van swaar toerusting) bring sy natuurlike status in gedrang.

5.3.3 Meer spesialebelangstelling-toeriste soos vissermanne sal kom visvang. ✓✓ **KE**
Water-gebaseerde toerisme aktiwiteite sal kan plaasvind met 'n groter vloei van water, seelewe en wildlewe. ✓✓ (4)
- Ekotoerisme sal verhoog.
- Lodges en akkommodasie instellings sal meer besoekers ontvang.
- Bevorder wetenskaplike navorsing en opleiding sowel as omgewingsbewustheid.

5.4 Maloti-Drakensberg Park ✓✓ **KE** (2)
- uKhahlamba Drakensberg Park

**[12]**

## VRAAG 6

6.1 Suid-Afrikaanse Toerisme ✓✓ **B** (2)
- SAToerisme

**Let Wel**: Moenie SAT aanvaar nie.

6.2 Vennootskappe met rolspelers uit die bedryf snoer advertensiepogings saam. ✓✓ **B**
Media soos 'Google Arts and Culture' dra by om wat Suid-Afrika aan plaaslike en internasionale markte kan bied, ten toon te stel. ✓✓ (4)
- Die gebruik van die Inspirerende Nuwe Maniere-logo verskaf handelmerkidentiteit om meer toeriste na 'n herkenbare bestemming te lok.
- Om verskeie prente, video's, straataansigte en stories alles op een plek te hê, stel Suid-Afrika se kulturele diversiteit en natuurskoon aan die res van die wêreld ten toon.
- Deur van 'n aanlynplatform gebruik te maak, word SAToerisme se bemarkingspogings aan virtuele realiteit en aan die hele digitale wêreld verbind.
- Dit is ‘n koste-effektiewe platform om Suid-Afrika plaaslik en internasionaal te bemark.

6.3 Suid-Afrika se handelsmerk-logo ✓✓ B (2)
- Inspirerende Nuwe Maniere – slagspreuk
- Deel 'Google Arts and Culture' handelsmerk – Suid-Afrika: 'n Ontdekker se Paradys.

6.4 TBRSA betaal die geld wat van heffingbydraers ingevorder word, kwartaalliks aan SAToerisme oor. ✓✓ B (2)
- 1% TOMSA-heffing word deur deelnemende toerismebesighede van toeriste af ingevorder.

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

7.1 7.1.1 Die manier hoe die besigheid wil hê sy kliënte moet hom sien. ✓✓ **TS** (2)

7.1.2 Netiket✓✓ **TS** (2)
- e-professionalisme

7.1.3 Die kliënte sal vertroue en lojaliteit verloor en hulle besigheid na iemand ander neem. ✓✓ **TS** (2)
- Die besigheid sal kliënte en inkomste verloor.
- Hulle mag dalk na 'n ander besigheid soek waar hulle hul geld kan spandeer.
- Hulle sal na 'n besigheid soek wat aan hulle verwagtinge sal voldoen ten opsigte van professionaliteit, kwaliteit diens en kliëntesorg.
- Negatiewe / slegte publisiteit
- Bykomende koste sal vir bemarking aangegaan moet word om die negatiewe publisiteit teen te werk.

7.2 7.2.1 Hy doen die beeld van die besigheid skade aan met sy antagonistiese aanmerkings op sosiale media.✓✓ **TS** (2)
- Hy beïnvloed ander medewerkers negatief.
- Hy boelie en teister 'n kollega.

7.2.2 **JA** TS

Ek as 'n werker, is medeverantwoordelik om die beeld van die besigheid en die persoonlike inligting van mede-werkers te beskerm. ✓✓

Ek sal ‘n rol speel om te verseker dat die besigheid winsgewend bly.✓✓ (4)

- As ek nie die kollega se optrede gaan aangee nie, mag dit lyk asof ek met hom saamstem, wat vir my 'n slegte reputasie by die werk gaan gee.
- Mnr. Williams het sy kollega geboelie en geteister, ongeag daarvan dat hy geen bewyse gehad het dat dit hy was wat hom by die hotel verkla het nie.

**Let Wel:** Aanvaar enige antwoord wat integriteit / 'n gevoel van verantwoordelikheid aandui.

**OF**

**NEE**

Mnr. Williams het sy reg tot vryheid van spraak uitgeleef.

Die sosiale media-blad behoort aan Mnr. Williams – hy kan net wat hy wil daarop plaas.

- Bang vir viktimisasie (teistering) by die werk en op sosiale media.

**Let Wel**:

- Aanvaar enige antwoord wat na vryheid van spraak/persoonlike aanspreeklikheid verwys.
- Geen punte word vir JA of NEE toegeken nie

7.2.3 Deur Mnr. Williams op grond van oortreding van die gedragskode vir werknemers te ontslaan, verseker dat … TS

- die professionalisme en integriteit van die hotel beskerm word.✓✓
- die hotel toegelaat word om werknemers binne 'n wetlike raamwerk, te dissiplineer. ✓✓
- ander werknemers teen herhalende mondelinge persoonlike aanvalle beskerm word. ✓✓ (6)

- werknemers vir hulle aksies aanspreeklik gehou word.
- die oortreding van die gedragskode kan deur geskrewe waarskuwing aangespreek word.
- die korrekte arbeidspraktyke deur die besigheid gevolg word.

**[18]**

## VRAAG 8

8.1 8.1.1 Sosiale✓✓/ Maatskaplike **VVT** (2)
- Gemeenskap
- Mense

8.1.2 RAIN gebruik 'n gedeelte van hulle wins om die lewens van mense in gemeenskappe oor die hele wêreld te verbeter. ✓✓ **VVT** (2)

**Let Wel:** Aanvaar voorbeelde van KMB- ('CSI') inisiatiewe.

8.2 8.2.1 **Verskaf skoon drinkwater**
Baie skole in Suid-Afrika het nie lopende water nie. Hierdie inisiatief het drinkwater aan die skole verskaf, en het leerders aangemoedig om genoeg water te drink as deel van 'n gesonde leefstyl. ✓✓
- Waardes moet aangeleer word om verantwoordelik op te tree deur water te spaar.
- Verhoed siektes soos cholera, COVID-19

**Sanitasiefasiliteite**
Skole kan nou spoeltoilette en handewas-fasiliteite hê. ✓✓
- Om lopende water op die skoolgronde te hê kan verdere infrastruktuur-verbeterings tot gevolg hê.

**Higiëne-opvoeding**
Noudat hulle blootstelling aan lopende water het, moet leerders opgevoed word oor persoonlike higiënepraktyke en geleer word hoe sanitasiefasiliteite gebruik moet word. ✓✓ (6)
- Opvoeding oor die gebruik van sanitasiefasiliteite
- Opvoeding oor verantwoordelike waterverbruik
- Pas streng higiëne-maatreëls toe wanneer voedsel voorberei en bedien word.

**Let Wel:** Fokusareas kan in enige volgorde ingesluit word.

8.2.2 Deur 5 000 handewas-stasies te bou gedurende die Covid-19-pandemie, is 'n meer volhoubare inisiatief, omdat dit vir baie jare behoue sal bly. ✓✓ (2)
- Die handreinigers sal slegs 'n korttermynoplossing bied en dan sal die beskerming van die gemeenskappe in gedrang kom.

**[12]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 9.1.1 siektes✓✓ **PSI** (2)
- pandemie
- wêreld-pandemie

9.1.2 Te midde van die Covid-19-pandemie, moes TBRSA verseker dat, terwyl hulle toerismebesighede ondersteun van die negatiewe invloed van die krisis op die toerisme sektor, hulle ook moet verseker dat daar gehoor gegee word aan die regering se beleidstukke. ✓✓ **PSI** (2)
- TBRSA het 'n algemene protokol vir alle toerismesektore en besighede ontwikkel wat in lyn is met die regering se mandaat om die verspreiding van die siekte te stuit.
- Die gestandaardiseerde beleidstuk is ontwikkel om riglyne en ondersteuning te verskaf aan die bedryf oor hoe om vorentoe te beweeg te midde van die krisis, terwyl die sektor beskerm moet word.

9.1.3 'n Gesondheid- en veiligheidsbeampte moet aangestel word. ✓ **PSI**
Personeel sal opleiding moet ondergaan en oor Covid-19 veiligheidspraktyke vir hulleself en vir hulle kliënte, ingelig word. ✓
Personeel sal gehoor moet gee aan standaarde vir fisiese distansiëring (afstandhouding). ✓
Alle personeel sal moet verseker dat hulle toepaslike PBT ('PPE) dra.✓ (4)
- Personeel sal moet verseker dat hulle temperatuur nagegaan word wanneer hulle by die werk kom.

**Let Wel**: Aanhalings uit die teks is aanvaarbaar.

9.1.4 Verpligte skandering vir alle gaste sou tydrowend en duur wees, omdat spesifieke toerusting aangekoop en personeel opgelei sou moes word. ✓✓ **PSI**
Kapasiteitskontrole sal ‘n beperkte aantal gaste by die akkommodasie-instelling tot gevolg hê. Dit sou die winsgrens van die instelling met die helfte sny. ✓✓
- Klein akkommodasie-instellings soos B&Bs, Airbnbs ens. het verkies om tydelik te sluit. (4)
- Personeel is verminder, of het 'n kleiner salaris ontvang.
- Die ongerief van skanderingsprotokol en bekommernis oor veiligheid kan negatiewe koste-implikasies vir die akkommodasie-instelling hê.

9.2 Dit sal verseker dat mense nie die draers of die bron van die verspreiding van die virus is nie, omdat hulle bewyse van 'n negatiewe Covid-19-toetsuitslag het. ✓✓ **PSI**
Die gasheerland sal gerus voel om inkomende toeriste met 'n negatiewe Covid-19-toetsuitslag, toe te laat om vrylik rond te beweeg sonder dat die virus versprei word. ✓✓ (4)

- Toeriste met bewyse van 'n negatiewe Covid-19-toetsuitslag, sal toegang verkry tot die gasheerland se toerismeprodukte, dienste en bestemmings, sonder om die virus te versprei.

9.3 9.3.1 Afname/negatiewe afname in alle inkomende toeriste na Suid-Afrika in die jaar 2020. ✓✓ (2)

9.3.2 'n Vennootskap tussen die regering en die toerismebedryf om aan alle aspekte van die Herstelprogram aandag te skenk. ✓✓ **PSI**
Die regering en handelbanke het fondse beskikbaar gemaak waarvoor toerismebesighede aansoek kon doen om toerismebates en kern-infrastruktuur te beskerm. ✓✓
Stel veiligheidsprotokol vir die bedryf in om toerismevertroue te herbou. ✓✓
Onderhandel met lande om hulle grense en lugroetes oop te stel om Suid-Afrika weer met die wêreld te verbind. ✓✓ (8)

- Deur noukeurige monitering en om die afname in Covid-19-infeksies, asook die huidige inperkingsvlakke te adverteer, sal toerisme gestimuleer word.
- Gaan voort met toerisme veiligheidsprogramme in vennootskap met die polisie en betrokke belanghebbendes.
- Moedig plaaslike reise en ervarings aan deur innoverende, bekostigbare pakkette aan te bied.
- Gaan vennootskappe met buurlande aan om 'n SAOG-besoekerservaring sonder haakplekke te bevorder.
- SAToerisme kan verskeie geleenthede gebruik om Suid-Afrika plaaslik en internasionaal te bemark.

**[26]**

## VRAAG 10

10.1 Eet veilig Sertifiseringsprogram en Siftingstoep✓✓ **KK** (2)

**Let Wel:** Aanvaar slegs die volle naam.

10.2 Deur gebruik te maak van die siftingstoep, sal toeriste gerusstel dat plekke op die toep veilig sal wees en alle Covid-19-protokol in plek sal wees. ✓✓ **KK** (2)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou